‘n Ontmoeting met God

Uittreksel van Pastoor Neser se preek: Eng/Afr. B138a

Skriflesing uit Job 42:1-17

Kernverse 5,6: - ‘Volgens hoorsê het ek van U gehoor; maar nou het my oog U gesien. Daarom herroep ek en het berou in stof en as.’

Die verhaal van Job is seker een van die bekendste verhale en verwysing in die Skrif vir tye van groot benoudheid. Dit is ‘n merkwaardige boodskap met ‘n baie sterk boodskap.

Job was ‘n regverdige man en bekend met God en so ook God met hom; maar so was die Satan ook baie bewus van hom. Hy was regverdig in al sy weë en het die goedkeuring van God in sy lewe gehad. Nogtans het daar ‘n tyd van groot beproewing vir hom gewag. Beproewing wat min mense nog oorleef het.

Hiermee saam het daar baie sielewroeging en selfondersoek gegaan, maar ook baie beskuldigings en veroordeling van sy vriende teenoor Job. Hoe tipies tog van die mensdom wanneer dinge met jou begin verkeerd loop. Hulle sal sê ja, daar is sonde in jou lewe en allerande teorieë aan die situasie toeskryf.

Hy het geweldige toetse deurleef: Alhoewel hy ‘n baie vermoënde man was, het Job in ‘n kort tydjie alles verloor, sowel as sy kinders en toe ook sy gesondheid. Nogtans het Job nie teen die Here gesondig nie. Tenspyte van die feit dat hy teen dié tyd nognie ‘n openbaring van God gehad het nie. Maar toe Job besef dat hy moet ophou om so selfgesentreerd te wees en vir sy vriende begin bid het, want hy het ‘n ontmoeting met God gehad in verse 5 en 6!

So het hy toe vir sy vriende begin bid en God het sy lot verander….